## KONTAKBESONDERHEDE


**Kerkkantoor**
**Erna Schuite**
028 435 6789
* suidpuntngkerk@gmail.com
**Leraar**
**Ds Franziska Andrag-Meyer**
082 055 8921
* andragmeyer@gmail.com
**Koster**
**Elize Oosthuizen**
060 884 4756


## BANKBESONDERHEDE

**NGK Suidpunt**
**ABSA**
**Takkode: 334-412**
**Rek nr: 1780147276**
**Gee asseblief 'n verwysing, bv. Dankoffer**

Hoe om Mobipaid te gebruik om geld in die kerk se rekening te betaal. STAP 1: Gebruik selfoon en gaan na jou kamera. "Scan QR Code" en Klik op "mpaid.us" (LW NIE jou Bank QR code nie) STAP 2: Voltooi inligting op skerm a) Naam b) Bedrag. c) Klik op Visa/ Master STAP 3: Voltooi kaartbesonderhede
Laastens: Jy kan dit "save" en volgende keer net naam en bedrag invul.



## Gelukkige verjaardag

| | | |
|---|---|---|
| Cecile | Beyers | 06/28 |
| Leon | Boshoff | 06/29 |
| Elsabé | Viljoen | 06/29 |
| Jantjie | Steyn | 06/30 |
| Fanie | du Plessis | 07/01 |
| Eugéne | Dunn | 07/01 |
| Julian | Joubert | 07/01 |
| Dalene | le Roux | 07/01 |
| Monique | Venter | 07/01 |
| Werner | Claassen | 07/03 |
| Madeleine | du Plessis | 07/03 |
| Charles | Schoeman | 07/03 |
| Boetie | Reynecke | 07/04 |
| Leon | Wessels | 07/04 |

## STRAATWERK

**"2 min noodles en cup of soup" vanaf Suidpunt gemeente na die gangetjies en stegies van die stad.**

'n Warm koppie sop of 2 min noodles maak die lywe warm en die harte oop om die Goeie Nuus van Jesus Christus te hoor.

NG KERK SUIDPUNT
GOD IS ONS LIG

# BULLETIN

28 Junie 2026

## WELKOM!

**EREDIENSTYE 28/06**
10h00 L'Agulhas
Nagmaal
Spesiale Kollekte
Barmhartigheid
**Dinsdag**
14h00 Klerebank
**Donderdag**
10h00 Barmhartigheid
**Vrydag**
07h30 Mannebybelstudie

Sondag 5/7
**10h00 L'Agulhas**
Sinodale Kollekte
NGGO

**MSINGA-SPAN: 28 Junie tot 10 Julie**
Die Msinga-span wat uitreik na Keatsdrift in Msinga, KwaZulu-Natal, vertrek vandag. Hulle sal op 10 Julie terugkom. Stephanie Steenkamp van NG Kerk Durban-ville - Bergsig gaan die Vroue-bediening hanteer. Ons is dankbaar dat daardie opening wat in die span was, nou ook gevul is. Kobus Meyer, ons leier van Uitreikbediening, sy seun Franco (en Franziska s'n!) en Ruth Loewenthal verteenwoordig ons gemeente. Ruth gaan die kleu-ter-/laerskoolkinders neem. Dankie vir al die tydskrifte, karton en andere wat geskenk is vir kinder-bediening. Ons wens hulle almal 'n baie verrykende ervaring toe.

**BLAPSE IN KERK-PAMFLETTE**
# Dames, moenie die krap-en-koop-aand vergeet nie. Dis ook jou kans om van al die onnodige goed in jou huis ontslae te raak. Onthou om jou man saam te bring.

**Teks vir die Week:** Matt 5: 7
Geseënd is dié wat barmhartig is, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word.

## Ons bid vir...

1. Kobus en Franco Meyer, Ruth Loewenthal en al die lede van die Msingaspan. Veilige reis en mag julle werk geseën word.
2. Die koor, Christa-Marié en Karin wat vanoggend optree tydens die nagmaaldiens.
3. 'n Heerlike vakansie en veiligheid op ons paaie.
4. Al die werksaamhede in ons gemeente.
5. Elke lidmaat, ongeag hulle omstandighede, dat hulle die liefde van hulle naaste om hulle sal ervaar.
6. Almal wat mediese behandeling ontvang en hulle naasbestaandes.

Hoe lyk dit? Het jy nie BOEKE vir ons nie? Dit kan dwarsdeur die jaar ingegee word by die Kerkkantoor. Dinsdag tot Donderdag van 08h00 tot 12h00.

## Doen & Deel

### DANKIE VIR:

1. Almal wat so fluks saam brei aan MUSSE vir STRAATWERK en ander uitreike.
2. George en Elise Moorcroft wat ons skenkings gaan aflaai by STRAATWERK.
3. Annamarie Judd en haar span van Projekte en Funksiebestuur: George en Elise Moorcroft, Elize Oosthuizen, Ronel Rheesberg, Carin Burger en Niel en Marietjie Bruwer, wat pannekoek en lewerkoekies verkoop het op Vrydag, 19 Junie.
Hulle toon R2 700.00 wins!
4. Johan Hattingh en sy hoenderbraaispan wat so getrou verkope hou vir ons Keniauitreik.
5. Marietjie Hansen en almal wat deelgeneem het aan die Car Boot Sale ten bate van Barmhartigheid in ons gemeente.
6. Almal wat genoemde fondsinsamelings ondersteun het.

## Doen & Deel

### BARMHARTIGHEID IS DIEPER AS DADE, DIT IS 'n LEWENSWYSE

Wilmi Wheeler maak 'n paar opmerkings hieroor in KAAPKERK. Sy deel 'n akroniem ('n tipe afkorting wat gevorm word uit die beginletters of lettergrepe van 'n frase of 'n naam), naamlik DIENS:

**- D = DANKBAAR**

Die Israeliete moes dankbaar wees dat God hulle uit slawerny in Egipte verlos het; daarom moes hulle nie vergeet nie, maar leef uit diepe dankbaarheid. Hulle kon hulle dankbaarheid bewys deur diens aan ander.

**- I = IMPERATIEF**

('n Imperatief is die bevelvorm van 'n werkwoord. Dit word gebruik wanneer 'n opdrag of bevel gegee word, maar die onderwerp, JY/JULLE, ontbreek, bv. Kom eet! Maak klaar. Maak die deur toe.)
Die Here gee self die opdrag dat ons barmhartig moet wees en ander moet dien. Dit is 'n goddelike imperatief en ons, as volgelinge van Christus, moet hieraan gehoorsaam wees. Dit geld nie net vir 'n paar mense wat goedhartig is nie, maar vir ALMAL van ons.

**- E = EENSAMES**

Barmhartigheid in aksie is wanneer ons uitreik na mense wat dikwels vergeet of verwaarloos word (weduwees, weeskinders, eensames, randfigure, noodlydendes, vreemdelinge).

## Doen & Deel

**- N = NOOD**

Ons het 'n plig om nood aan te spreek, direk, en om in die praktyk te help (klere, kos, hulle regte te beskerm). Ons moet help bou aan 'n samelewing waar liefde en samehorigheid triomfeer.

**-S = SEËN**

Die Here sal dié wat dien seën en die mense aan wie hulle diens bewys ook seën, as ons sy opdrag gehoorsaam om barmhartig te lewe.
Ons kan op verskillende terreine barmhartigheid toon:
1. VERLIGTING van armoede en honger.
2. GESONDHEIDSORG en navorsing.
3. ONDERWYS en opleiding.

### NUWE KERKRAADSLEDE

Welkom! Alphia Schutte van Suiderstrand is verkies as ouderling van Vuurtoringblok en Annamarie Judd van Struisbaai as leier Projekte en Funksiebestuur. Mag julle diens in ons gemeente geseënd wees en julle geborgenheid ervaar in ons Kerkraadspan.

### KOOR

SUIDPUNTKOOR is bevoorreg om vir Christa-Marié Williams as koorleier te hê en vir Karin Michau as begeleier.
Wat 'n PUIK kombinasie! Ons het GEEN kooroefening in Julie en Augustus nie.